Hoe om kultureel verdraagsaam te wees

Graad 8 tot 12

Verdraagsame mense is nooit dwaas nie, en dwase mense is nooit verdraagsaam nie.
'n Chinese spreekwoord.

Onderwerp: Kulturele verdraagsaamheid

Stappe

1. Vanwaar kom die woord verdraagsaamheid?
   Latynse oorsprong van verdraagsaamheid ("toleransie");
   toleratus, wat beteken: "om te verduur";
   tollere, wat beteken: "om op te tel"
   tuli, wat beteken: "om te dra".

2. Identifiseer wat kulturele verdraagsaamheid is?
   - Verdraagsaamheid is **respek** vir, **aanvaarding van** en **waardering** vir die ryke verskeidenheid van ons wêreld se kulture, die maniere waarop ons uitdruk en maniere van menswees.
   - Dit word bevorder deur kennis, openheid, kommunikasie en vryheid van denke, gewete en geloof.
   - Verdraagsaamheid beteken om in harmonie te leef met dit wat van jou verskil.
   - Dit is nie net 'n **morele plig** nie; dit is ook 'n **politieke** en **regsvereiste**.
   - Verdraagsaamheid, die eienskap wat vrede moontlik maak, dra by tot die vervanging van 'n kultuur van oorlog met 'n kultuur van vrede.

3. Beskerming van kultuur-, taal- en godsdiensregte
   Die Suid-Afrikaanse grondwet, Wet 108 van 1996, beskerm deur die Handves van Regte verleen erkenning aan: **Taalregte** (artikels 6 en 29), K**ulturele regte** (artikel 30) en **Die reg om aan die kulturele, godsdienstige en linguistiese gemeenskappe van hul keuse te behoort** (artikel 31).

Stappe

4. **Gevolge van kulturele verdraagsaamheid en opleiding**
   - Kulturele sensitiwiteitsopleiding is ’n poging om bewuswording van jou eie opvattings, gevoelens en kultuur te verhoog. Jy sal meer bewus raak van ander groepe se opvattings, gevoelens en kultuur wat sal lei tot beter begrip en kommunikasie van mekaar. Wanneer jy jou kennis en insig deel, kan dit brûe bou tussen jou en jou medewerkers, ander werknemers en jou organisasie.
   - Hierdie brûe kan gebruik word om:
     - verhoudings in die werksplek te versterk,
     - produktiwiteit te bevorder; en
     - bevordering binne jou organisasie te bewerkstellig.

5. **Opleiding in kulturele bevoegdheid kan help om duur kommunikasieflaters te vermy**.
6. **Die opleiding in kulturele verdraagsaamheid spreek die volgende vier (4) aspekte aan:**
   - Bewusmaking van die impak van kultuur op ’n mens se eie kommunikasie.
   - Kennis en waardering vir die verskille tussen kulture en die oorsprong van daardie verskille.
   - Tegnieke om subtiele leidrade op te tel wat kan dui op ’n probleem in kommunikasie.
   - Hoe om ’n positiewe kultuur in die werksplek te implementeer.

Wenke

1. Onthou die goue reël: "Behandel ander soos wat jy graag behandel wil word."
2. Aanvaar dat mense anders is en soek die positiewe in hulle, want daardeur word ’n houding van verdraagsaamheid gebou.
3. Deur te besef dat standpunte en kulture van joune verskil, kan jou help om meer verdraagsaam te wees.
4. Praat met mense wat jy nie ken nie en lees koerante of webblaaie wat jy nie normaalweg nagaan nie.
5. Praat met mense van verskillende ouderdomme en kulture.
6. Daar is verskeie maniere om verskillende kulture te verken.
   - Besoek ’n kunsuitstalling of ’n museum wat aan kulture toegewy is.
   - Nooi familie of mense van ’n ander kultuur of geloof na jou tuiste.
   - Neem ’n rolprent uit of lees ’n boek wat oor ’n ander land of geloof gaan.
   - Nooi mense uit ’n ander kultuur om aan jou gebruike deel te neem.
   - Lees meer oor die groot denkers van ander kulture.
   - Versprei jou eie kultuur oor die wêreld en leer oor ander kulture deur die gebruik van sosiale en elektroniese media. Bou jou kennis op oor die Grondwet en ander bronne wat tot jou beskikking is en eis jou grondwetlike regte op ten opsigte van taal, kultuur en erfenis.

Waarskuwings

Verdraagsaamheid op staatsvlak noodsaak regverdige en onpartydige wetgewing, wetstoepassing en ’n regterlike en administratiewe proses. Dit vereis ook dat ekonomiese en maatskaplike geleenthede aan elke persoon beskikbaar gestel word sonder dat daar teen hulle gediskrimineer word.

Uitsluiting en marginalisering kan aanleiding gee tot frustrasie, vyandigheid en fanatisme.

Bronne

Suid-Afrikaanse Grondwet, Wet 93 van 1996 (artikel 30, 31)

Kulturele verdraagsaamheid Powerpoint

Videos

https://www.youtube.com/watch?v=48RoRi0ddRU

https://www.youtube.com/watch?v=VMwjscSCcf0

Digitaal

https://www.gotquestions.org/Afrikaans/Christelike-verdraagsaamheid.html